

20 Junie 2021

Graad 4 – 6 Kletsklas

OUPA ABIE GESELSBLAD



C · A · I · A ·
CHRISTUS ALLES IN ALMAL · CHRIST ALL IN ALL



1 Samuel 17

wat wil jy vandag bereik?
God bring orde, al is die chaos te veel en te groot vir ons.

ons storie: waar is ons nou?)

Vertel van 'n keer toe iets gelyk het of dit nie gaan uitwerk nie, maar toe het dit reg uitgewerk.

Watter dinge lyk net nie vandag of dit ooit sal regkom nie?

Wat sal gebeur as ons net moedeloos raak en nie meer omgee om reg te doen nie?

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees **1 Sam. 17** saam as 'n groep of familie.
Kyk dan die Oupa Abie video wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategetiese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor.

Vrae oor die teks word gevra.


3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Kyk na hierdie reuse voet-afdrukke wat julle kan maak:
http://2.bp.blogspot.com/-xgUAuip23i8/ToFTku8A3OI/AAAAAAAAACro/psckRGCahHs/s1600/IMG_3073.JPG

Laat die kinders dit aantrek en daarmee rondstap.



gesels dan oor die volgende saam

■ Hoe help Manie Muisenberg jou om oor die teks te dink?

■ Hoekom is dit 'n verrassing dat Dawid, van alle mense, die reus wen?

■ Hoekom het hulle die koning se gevegsklere vir Dawid aangetrek? Hoekom het hy dit weer uitgetrek?

■ Verbeel julle julle is die Filistyne. Die grote ou Goliat is julle held. Vertel die storie van 1 Samuel 17 oor asof julle dit gesien het, maar julle is deel van die Filistyne se soldate. Wanneer julle klaar is, gesels oor hoe julle nou oor die storie dink.

ons nuwe storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Watter dinge voel vir jouself te groot en te verkeerd om iets daaraan te doen?

Hoe help Dawid en Goliat se storie jou om oor hierdie tipe uitdagings te dink?

Was dit werklik Dawid wat gewen het? Of was dit God? En wat sê jou antwoord oor jou eie lewe?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

■ Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

■ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bid vir die dinge in ons land wat so verkeerd lyk, dat dit nie meer lyk of iemand kan help nie..

Bid vir leiers oral wat die regte dinge sal doen, selfs al is hulle moedeloos.

Vra God om mense se bang-wees weg te neem.

